


Droom Nuusbrieff No 5

Ons Droomprojekte van verlede jaar het afgesluit met die steggie-projek by Hugo Rust Laerskool. Dit was al laat in die plant seisoen en ons het nie geweet wat om te verwag van ons versoek vir saailinge, steggies of klein plantjies nie.

Dit is wat ons ontvang het ...



2092 plantjies! Daar was iets van alles, van piepklein saailinge tot jong boompies en struikie. **Mariette van Lumé Kwekery het ons gekontak met die wonderlike nuus dat hulle vir ons 5 kubieke meter kompos sal borg!** Ons het op 'n Woensdag met die hulp van twee van ons tuinwerkers, twee groot areas by die skool voorberei. Daar was ook vyf vierkante van ongeveer 1m² elk, by die speelgrond van die grondslagfase, wat aandag nodig gehad het.



Shepherd en aaron besig met voorbereiding.

Die Donderdag kom twee Mamas, Anne-ghrett Coetzee en Marietjie Nel om hand by te sit. Nadat die plantjies gesorteer was en Anne-ghrett vir die plante 'n plekkie in die bedding bepaal het, kon ons die leerders roep om te kom plant.

Eerste pouse was die kleingoes tot by graag 3 se beurt en tweede pouse die groter kinders. Die kindergesiggies het 'n storie vertel van pure geniet! So tussendeur die plantery het ons sommer van die geleentheid gebruik gemaak om met die kinders oor die belangrikheid van plante, bewaring ens te gesels. Na skool het 'n klompie leerders uit hulle eie weer by ons aangesluit om verder te help plant – Suné sommer in haar balletklere – dit was darem na balletklas!



Vrydagoggend was Anne-ghrett weer op haar pos – al was dit haar verjaarsdag! en is die laaste plante geplant en weer het leeders pouses uit hulle eie kom help. Uiteindelik kon ons natspuit en opruim. Daar was nog 'n groot aantal plantjies oor en ons het dit goedgevind om met Mnr Bruwer se toestemming, van die plante en kunsmis aan Pauw Gedenk Laerskool te skenk vir hulle nuwe tuintjie. Mnr Julius Williams was baie dankbaar en het spoedig reëlings getref om die plantjies af te haal en te plant. Daar is nog plantjies oor wat ons nou versorg en beplan om elders in die dorp te plant. Ons wag net vir later se koeler weer.




Mev Liezl Stassen se Gr2.1 klas was die klaswenners met 321 plantjies, gevolg deur die Gr 4.3 klas van Mev Ronel Saayman, 307 plantjies en 3de die Gr 3.2 klas van Mev Sunette Laubscher, 264 plantjies . Soos belowe het die wenners heerlik piekniek gehou en die 2de en 3de klasse se leerders het elk 'n roomys ontvang.

Louis Malan, Gr 3, het elke dag kom help plant. Hy het ook na die tyd, wanneer hy een van ons by die skool of sport raakloop, kom verslag doen oor hoe dit met die plantjies in die beddings gaan. Sy Ma sê hy het tuis sy eie groentetuintjie wat hy self onderhou. Ons het dit goedgevind om vir hom sy eie boom te gee om te plant. Nog 'n seuntjie, Cullan Thyse in graad 2, wou net heeldag plantjies natlei! Hy vertel hoe sy Ouma hom by die huis leer om vir die plante water te gee. Ons het vir hom sy eie gieter en saadjies gegee om by die huis te geniet.



Mnr Bruwer het intussen gesorg dat daar waar dit moontlik was, besproeiing aangelê word. Dit is hoe dit nou lyk.



‘n Spesiale dankie aan Mnr Johann Bruwer, die personeel en elke ouer wat die leerders gemotiveer het om plantjies skool toe te bring, maar dankie veral aan elkeen wat die geleentheid gebruik het om ons kinders meer te leer van omgee vir ons omgewing en die natuur.

‘n Spesiale uit die hart uit dankie vir elkeen wat ons droomprojekte tot dusver ondersteun het. Dankie ook vir elke inwoner wat eienaarskap geneem het van sy onmiddellike omgewing en sypaadjies netjies gemaak het. Dankie vir die inwoners wat toesien dat ons parkies, in die warm dae, natgelei word en dankie vir elke positiewe epos en oproep wat ons ontvang.

Ons sal eers weer plant wanneer ons Somer verby is. Ons hou nou net dit wat gedoen is, in stand. Ons is egter nie heeltemal ledig nie. Volgende keer nog nuus oor Merle se parkie en die begrafplaas oorkant St Alban Laerskool en ‘n klompie Wellingtonners wat hard werk aan feesvieringe rondom ons stasie se 150ste verjaarsdag.

Droom Groete

Linda lindamul@telkomsa.net
Mattie stay@wellington-accommodation.com
Anthea anthea@ibits.co.za